

WOORD VOORAF.

„Vaar uit na die diep water.“
Lukas 5 : 4.

Met die verskyning van die eerste aflewering van hierdie Studies word in 'n reeds lang gevoelde behoefte voorsien en 'n reeds lang gekoesterde begeerte verwesenlik, die behoefte aan 'n diepere besinning op teologiese vrae en die begeerte na 'n eie plek om die resultate van wetenskaplike godgeleerde ondersoek van ons professore en predikante te publiseer.

Die doel wat beoog word is, soos die ondertitel van hierdie Studies tot uitdrukking bring, allereers die bevordering van die studie van die Bybel. Die Heilige Skrif tog is die bron en norm van ons Godskennis. Daar het in die geskiedenis van die Kerk altyd weer die gevaar ontstaan dat die Heilige Skrif van sy sentrale plek verdring word om plaas te maak vir menslike geskrifte in die vorm van belydenisse, konsiliebesluite en dogmatieke. Ons wil terug na die bron, ons wil die lewende water van die direkte onafgeleide Godsopenbaring.

Ten tweede wil ons kinders van die Hervorming wees. Ons is oortuig dat deur die groot Hervormers van die 16de eeu die waarheid Gods, deur Rome verduister, weer helder gaan straal het oor 'n deur pouslike heerssug en monnikevroomheid verlamde Christenheid en deur werkeregtheid verslaafde Christenharte. Ons wil ons nie na 'n mens noem nie, selfs nie na Godsmanne soos die groot Hervormers nie. Ons wil kinders wees van die Geestesbeweging wat sig van hulle as draers en instrumente bedien het.

Ten derde wil ons die teologie dien op die plek en in die kring waarin ons ons deur God geroepe en gestel ag, in die Kerk waarin na ons oortuiging die stroom van die Bybelse waarheid, soos in die Hervorming opnuut tevoorskyn getree, kragtig en suiwer voortstroom: die Hervormde Kerk. Netsomin as ons skaam vir die naam van Christen en Protestant, skaam ons ons vir die naam van Hervormd. Inteendeel, dis vir ons 'n ere naam en dit stel vir ons die ideaal waarop ons wil aanwerk en toelewe.

Graag sal ons gasvryheid in ons Studies verleen aan teoloë uit ander Kerke, wat saam met ons die Bybelse waarheid wil dien en uit die gees van die Hervorming wil leef en dink.

Die kring van ons lesers stel ons ons so ruim moontlik voor. Van vertoon van geleerdheid wil ons ons onthou. Egte wetenskap moet in eenvoudige woorde vir ieder verstandige mens verstaanbaar uitgedruk kan word. En daar is seker geen gebied waarvoor, besonder in

kringe van Hollands-Afrikaanse afkoms, meer belangstelling was as die gebied van die godsdiens nie. Ons voorgeslag het allerhande teologiese boeke gelees en bestudeer, en dit is in vele opsigte hieraan te danke dat ons volk in die verlede bewaar gebly het vir allerlei vreemde geestesinvloede. Mag die Studies daartoe meewerk dat hierdie historiese lyn ook in die geestesverwarring van ons dae getrou gevolg word, tot seën van ons volk, tot opbou van die Kerk en tot bevordering van die Ryk van die komende Heer.

DIE REDAKSIE.
